

Dinsdag 18 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Konings 6:1 – 7:20

Fokusgedeelte: 2 Konings 6:1, 2, 17; 7:1, 2, 14

Die Here is Koning! Is ons oë oop?

Baie keer gebeur daar dinge rondom ons, maar ons sien dit nie raak nie. Hoeveel keer gaan daar dinge by ons verby wat ons moes raaksien? Soos Elisa se slaaf, is ons oë soms blind en toe (2 Kon. 6:17).

Die groot vyand vir die volk van die Here was op daardie tydstip die Arameërs. Ons merk op dat hulle gereeld die beloofde land kom inval het en gereeld gepoog het om die koning te verslaan en die land te vernietig. Dit was vir die Arameërs tevergeefs! Want hulle het gedink die werklike koning is 'n aardse koning. Wat is besig om te gebeur wat hulle nie kan sien nie? Ook nie net die Arameërs nie, baie van die Here se kinders se oë is ook blind. Wat is besig om te gebeur wat baie nie sien nie?

Die profete se skool brei uit, al broei daar oorlog en onsekerheid (6:1, 2). Die Arameërs omsingel die stad waar Elisa is, en Elisa se slaaf raak bang. Maar Elisa het geweet: die Here regeer, sy hand is oor ons. Die Here se leërmag is baie groter as enige ander aardse koning of regering s'n. Elisa se slaaf se oë moes daarvoor oopgemaak word (6:17). Die Here self maak sy oë daarvoor oop.

Verder was Samaria omsingel, alles het hopeloos gelyk. Maar die Here gee uitkoms, want Hy is Koning! Party wou dit nie glo nie (7:1, 2). Ons wat op die Here vertrou en hoop, vir ons word die bevel gegee: "Gaan kyk" (7:14).

Ons Here Jesus Christus self maak ons oë oop. Dink maar aan die Emmausgangers. Die Here laat hulle sien dat Hy die dood oorwin het, en dat Hy eers moes ly aan die kruis voordat Hy sy in heerlikheid ingaan. Wat die Emmausgangers nie ingesien het nie, laat die Here hulle sien: "Toe gaan hulle oë oop ..." (Luk. 24:31).

Ons het die Heilige Gees ontvang en Hy hou ons oë op ons Koning gerig, maak nie saak wat om ons gebeur nie! Is ons oë oop?

Sing: Psalm 25-1:2, 7

Ds. MH le Roux (Marco) (Newcastle)